Die Nes / *The Nest*

(East Coast Foundation : Non-profitable Organization)

Mens kan nie glo die eerste 2 maande van die jaar is al verby nie. Ons het begin met die Caddy wat bietjie probleme gegee het maar is baie dankbaar dat dit nou uitgesorteer is.

Ons het besluit om te sny aan ons pakkies aangesien 'n paar gesinne baie ver bly, tot so ver as Wilsonia en dit plaas baie druk op die Caddy. Ons het wel weer ander gesinne bygekry wat nader bly. Dit bly 'n uitdaging om elke week Kospakkies aan almal te voorsien, maar God voorsien altyd.

Ons het net weer besef dat God weet wat ons nodig het nog voor ons vra. Op twee geleenthede in Februarie het ons by 2 verskillende Gemeentelede beddens en ander meubles as skenkings gekry. In een geval het iemand gebel 'n dag nadat ons die skenkings gekry het en gevra of ons hulle nie met 'n bed kan help nie. Die volgende versoek vir 'n bed het op dieselfde dag van die skenkings ingekom. Daar gebeur so gereeld hierdie wonderwerke om ons.

Ons strukture by die Nes het verander in 2018. Stephan Kapp is nou verantwoordelik vir die Kolleksies en Aflewerings. Julian en Christian Lingenfelder het ook by ons aangesluit en help Maandae uit by die Nes met die pakkies.

Ons is baie dankbaar vir die ekstra hulp.

Ons wil weereens ons Skenkers bedank. Ons het in Februarie (buiten die normale Spar en Pinecreek Skenkings) geweldige ondersteuning vanaf die Gemeente gekry. Ons kan dit regtig nie sonder julle doen nie. Baie dankie daarvoor.

Nes groete, Lena Pool